VIERDE LYDENSONDAG
Lyding bring Hoop

Tekste: Psalm 25: 1-7 (AFR1983); Openbaring 22: 20-21 (AFR2022); Psalm 27: 1-14 (AFR1983); Jesaja 53: 4-11 (AFR1983); .
Liedere: VONKK 5: 1-2; Gesang 203: 1-3; Gesang 239: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

WYDING:

Alle eer aan die oorwinnaar, elke knie moet voor Hom buig! ~ VONKK 5: 1-2

VOTUM:

Tot U, Here, rig ek my, my God, op U vertrou ek. Laat my vertroue tog nie tevergeefs wees nie. Niemand wat sy verwagting in U stel, sal beskaam word nie. Maak my u wil bekend, Here, leer my u paaie. Laat u waarheid my lei en onderrig my daarin, want U is God, my redder. In U stel ek elke dag my verwagting. Dink aan die liefde en trou, Here, wat U van altyd af betoon het. Dink aan my in u trou, Here, omdat U goed is (vgl. Psalm 25: 1-7).

SEËN:

Hy wat al hierdie dinge bevestig, sê: Ja, Ek kom binnekort. Laat dit so wees! Kom, Here Jesus. Die genade van die Here Jesus is met almal (vgl. Openbaring 22: 20-21).

LOFSANG:

Tekste: Psalm 25: 1-7 (AFR1983); Openbaring 22: 20-21 (AFR2022); Psalm 27: 1-14 (AFR1983); Jesaja 53: 4-11 (AFR1983); .
Liedere: VONKK 5: 1-2; Gesang 203: 1-3; Gesang 239: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

Gemeente, vir ons Geloofsbelydenis en vir ons kennis van die wil van God, lees ek vir ons Psalm 27: 1-14 voor.

WIL VAN GOD:

“Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?

As misdadigers op my afstorm om my dood te maak, my teëstanders en my vyande, dan is dit juis húlle wat struikel en val. Al sou 'n leër teen my stelling inneem, sal ek nie bang word nie. Selfs al sou die aanval op my begin, sal ek nog steeds vertroue hê.

Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel. Op die dag van gevaar sal die Here my wegsteek in sy huis, my veilig laat skuil in sy woonplek, my hoog op 'n rots laat staan; ek sal in sy woonplek onder trompetgeklank my offers bring, ek sal 'n lied sing, ek sal sing tot die eer van die Here terwyl ek neerkyk op die vyande rondom my.

Tekste: Psalm 25: 1-7 (AFR1983); Openbaring 22: 20-21 (AFR2022); Psalm 27: 1-14 (AFR1983); Jesaja 53: 4-11 (AFR1983); .
Liedere: VONKK 5: 1-2; Gesang 203: 1-3; Gesang 239: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

Luister tog na my, Here, as ek roep; wees my genadig en verhoor my gebed. Ek onthou wat U gesê het: “Julle moet My kom dien!” Ek is hier om U te dien, Here.

Moet U tog nie vir my verberg nie, moet my tog nie wegstuur terwyl U toornig is nie, want U was nog altyd my hulp. Moet my tog nie verstoot en verlaat nie, want U alleen is die God wat my red. Al sou my vader en my moeder my verlaat, die Here sal my onder sy sorg neem.

Leer my u wil, Here, en lei my op 'n gelyk pad sodat my vyande nie hulle sin kry nie. Moet my tog nie oorgee aan die venyn van my teëstanders nie, want daar staan vals getuies teenoor my en hulle blaas geweld teen my aan.

As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie ...!

Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here!”

SKULDBELYDENIS:

Tekste: Psalm 25: 1-7 (AFR1983); Openbaring 22: 20-21 (AFR2022); Psalm 27: 1-14 (AFR1983); Jesaja 53: 4-11 (AFR1983); .
Liedere: VONKK 5: 1-2; Gesang 203: 1-3; Gesang 239: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

Jesus rots vir my geslaan, laat my nie verlore gaan! ~ Gesang 239: 1, 2 en 4.

PREEK:

Dit is vandag die Vierde Lydensondag, daarom vra ons vir Elanie le Roux om vier van die kerse te kom doodblaas. Daar sal elke week, tot en met Goeie Vrydag, ter wille van simboliek, ‘n kers doodgeblaas word. Die gemeente sal weer met Opstandingsondag al die kerse aansteek.

Die laaste drie Lydensweke, het ons in die prediking stilgestaan by die doel van Lydenstyd: ‘n Gefokusde tyd vir selfondersoek, skuldbelydenis, vas, gebed, diens aan ander en Bybellees. Kon u in die eerste drie Lydensweek daarby uitkom? As u al aandag gegee het aan een of meer van die dissiplines, dan glo ek u kan getuig dit was verrykend. Ek het gehoor aan lidmate wat goed aan ander wou doen en die eensame persoon uitgeneem het vir ete ~ diens aan ander. Maar daar is darem ook hierdie vierde Lydensweek om weereens aandag daaraan te

Tekste: Psalm 25: 1-7 (AFR1983); Openbaring 22: 20-21 (AFR2022); Psalm 27: 1-14 (AFR1983); Jesaja 53: 4-11 (AFR1983); .
Liedere: VONKK 5: 1-2; Gesang 203: 1-3; Gesang 239: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

gee: selfondersoek, skuldbelydenis, vas, gebed, diens aan ander en Bybellees.

Vanmôre lees ons uit Jesaja 53: 4-11 oor die voorspelling en betekenis van Jesus se lyding:

SKRIFLESING:

“Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.
Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom.
Hy is mishandel, maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie.

Tekste: Psalm 25: 1-7 (AFR1983); Openbaring 22: 20-21 (AFR2022); Psalm 27: 1-14 (AFR1983); Jesaja 53: 4-11 (AFR1983); .
Liedere: VONKK 5: 1-2; Gesang 203: 1-3; Gesang 239: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

Terwyl hy gely het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk.

Hy het 'n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in sy dood al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie.

Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel, om hom die pyn te laat ly. As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy 'n nageslag hê en nog lank lewe, deur hom sal die wil van die Here sy doel bereik.

Ná sy bitter lyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken. My dienaar, die regverdige, sal baie mense regverdig maak: hy sal die straf vir hulle sonde dra.”

Laat ons saam bid:

PREEK:

‘n Teks uit die Ou Testament wat die kern dra van Lydenstyd. Wat die kern dra van die Bybelse boodskap. Wat die kern dra van ons geloofsoortuiging: Jesus

Tekste: Psalm 25: 1-7 (AFR1983); Openbaring 22: 20-21 (AFR2022); Psalm 27: 1-14 (AFR1983); Jesaja 53: 4-11 (AFR1983); .
Liedere: VONKK 5: 1-2; Gesang 203: 1-3; Gesang 239: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

Christus het vir ons sondes gesterf, sodat ons nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal beërwe.

Die volk Israel was in dié jare weggevoer in ballingskap. Dit beteken ‘n vreemde volk het die Israeliete in hulle land kom veg, oorwin en toe al hulle bruikbare mense weggevoer na ‘n vreemde land (Babilonië).

Oumense, armmense, siekmense en randfigure is in die vernietigde landskap agtergelaat. Dit gaan dus hier oor ontwortelde mense, mense wat alles verloor het en nou in ‘n vreemde land onder vreemde omstandighede en onder vreemde heidense oorheersing moes oorleef.

Boonop was hierdie ook al die tweede geslag ballinge. Met ander woorde, mense wat daar in die vreemde land gebore is. Hulle ervaar ‘n gevoel wat hulle verbitterd maak. Hulle voel dit is onregverdig dat hulle gestraf moet word vir die sondes en swakhede van hulle voorgeslagte.

Tekste: Psalm 25: 1-7 (AFR1983); Openbaring 22: 20-21 (AFR2022); Psalm 27: 1-14 (AFR1983); Jesaja 53: 4-11 (AFR1983); .
Liedere: VONKK 5: 1-2; Gesang 203: 1-3; Gesang 239: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

Klink bekend nè? Die huidige geslag jongmense voel ook so bitterlik te na gekom. Oral oor vandag hoor jy hulle sê dit is onregverdig om so gestraf te word vir die foute en tekorte van hulle voorgeslagte. Hulle voel hulle kan nie gestraf word vir iets waaroor hulle nie ‘n besluit geneem het nie.

Ons leer egter ‘n waardevolle les hieruit. Nou weet ons hoe Jesus moes voel. Jesus word gestraf en moes ly vir die sondes van ander mense. Hy was sonder sonde en skuld, maar Hy het die lyding vir ander mense se sonde op Hom kom neem. Nie net ‘n bitter lyding nie, maar ook ‘n bitter kruisdood.

Saam met Israel ervaar ons hierdie onregverdige lyding op aarde. As ek ons die kans sou gee om te vertel van al die onregverdige lyding wat ons elkeen al as gevolg van ander mense se besluite en optrede moes ervaar, sou ons eenvoudig nie genoeg tyd daarvoor gehad het nie. Dink aan ‘n ander onskuldige ou wat die pad reëls oortree, in jou vasry en dan moet jy die skade en koste

daarvoor betaal. Ons het almal ‘n storie of twee om te vertel.

Kom ons hoor vanmore dat God die onregverdige lyding nie goedpraat nie, maar Hy laat ons hoor dit is deel van ‘n mens se bestaan op aarde. Elke volgeling van God sal meer as eenkeer in hulle lewe onregverdige lyding ervaar.

Vandag leer ons om nie in die onreg van daardie lyding vas te kyk en blind te word vir God se vermoë om lyding ten goede te laat meewerk nie. Trouens ons weet dat lyding altyd uitloop op ‘n nuwe begin. Op ‘n ander plek sê die Bybel ‘n saadjie moet eers doodgaan, voordat dit ‘n nuwe sterk plant kan laat uitgroei. Lyding is dus volledig deel van ‘n mens se groeiproses.

In 538 vC laat die nuwe koning van Persië, koning Kores, die volk terugkeer na hulle land. Hulle is na jare weer vry om in hulle eie land te gaan woon. Na al die lyding en swaarkry van die ballingskap behoort hulle nou bly en

dankbaar te wees. Hulle haas hulle terug na die hoofstad, Jerusalem.

Met hulle aankoms in Jerusalem hou hulle dadelik ‘n groot volksfees waar almal op ‘n dag bymekaarkom en lofgesange sing, omdat hulle deur die genade van God weer vry is – NEE, nee dit is ongelukkig nie wat hulle doen nie.

Hulle kyk na Jerusalem en laat hulle menswees weer die oorhand oor hulle emosies kry. Hulle sien nie meer die vryheid en verlossing van ballingskap nie, NEE, hulle sien die verwoesting in Jerusalem, hulle sien die armoede en hulle ervaar vyandigheid van die mense wat daar in Jerusalem agtergebly het. Hulle vergeet dadelik weer dat die lydensweg nie tevergeefs is nie.

My gedagtes het onwillekeurig teruggegaan na Israel wat na jare se slawerny in Egipte vrygelaat is en kon terugtrek na hulle beloofde land. God laat hulle nie net wegtrek van die slawerny nie, Hy laat hulle droogvoets deur die Rooi

Tekste: Psalm 25: 1-7 (AFR1983); Openbaring 22: 20-21 (AFR2022); Psalm 27: 1-14 (AFR1983); Jesaja 53: 4-11 (AFR1983); .
Liedere: VONKK 5: 1-2; Gesang 203: 1-3; Gesang 239: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

See trek en verdrink die Farao en sy hele weermag. WOW – Nee, kan jy dit glo die volk vier nie fees nie, NEE, hulle kla en murmureer. Hulle sien weer net die nuwe uitdagings raak (waar gaan hulle water kry? – waar gaan hulle vleis vandaan kom?) en hulle sien nie God se vermoë om elke lydensweg ten goede te laat meewerk nie.

Hier in Jesaja word ons geleer om deur die bril van Jesus Christus se lyding na ons eie swaarkry en lyding te kyk. Jesus se lyding was bitter swaar en bitter moeilik – Hy het niks daarvan verdien nie! Maar deur die lyding van Jesus Christus kom daar bevryding van die mens se sondeskuld en -las. Die doel van Sy lyding is ‘n nuwe geboorte.

Jesus se lyding bring nuwe hoop en die hoop beskaam nie. Miskien moet ons net weer herinner word dat ons in ons wêreld hoop anders verstaan as die mense van die Bybel. As ons sê ek hoop dit gaan gebeur, dan bedoel ek ... ek is onseker of dit gaan gebeur, daarom hoop ek dit gaan gebeur. As die Bybel sê hoop, dan bedoel die Bybel

verseker. Ek hoop Jesus het vir my sonde gesterf, beteken in die Bybelse sin ek is seker Jesus het vir my sonde gesterf.

Jesus het deur sy lyding geweet hoe dit voel om deur mense verag te word, om deur mense verstoot te word. Jesus het fisiese en emosionele pyn geken. MAAR Hy het nooit daaroor gekla nie, want Hy het geweet waaroor Sy lyding gaan. Hy het geweet dat God sy doel deur sy lyding sal bereik. Hy het geweet Sy lyding loop uit op die ewige woning en die ewige lewe, nie net vir Homself nie, maar vir almal wat Sy naam bely.

Gisela de Villiers skryf in 2001 ‘n gedig, wat toe ook in ons Liedboek as Gesang 518 opgeneem is: Voel jy soms of die Here te ver is? Twyfel jy soms aan God se bestaan?

Geliefde,
Sien jy soms net die verwoesting om jou?
Sien en ervaar jy net die armoede?
Sien en ervaar jy net die vyandigheid van mense?

Tekste: Psalm 25: 1-7 (AFR1983); Openbaring 22: 20-21 (AFR2022); Psalm 27: 1-14 (AFR1983); Jesaja 53: 4-11 (AFR1983); .
Liedere: VONKK 5: 1-2; Gesang 203: 1-3; Gesang 239: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

Ervaar jy siekte?

Het jy jou werk verloor?

Het jy ‘n geliefde aan die dood afgestaan?

Voel jy soos ‘n skaap wat afgedwaal het en nou doelloos ronddwaal?

Hier in die profesie leer ons dat ons moet volhard, ons moet vasbyt, die oorwinning is om die draai. Daarom sluit hierdie vertelling af met die feit dat Jesus na al sy onregverdige lyding nou op die ereplek in die ewige woning van God sit.

So seker as wat Jesus onregverdig gely het, sal ons ook soms ly. MAAR so seker as wat Jesus se lyding die oorwinning behaal het, sal ons lyding ook nuwe lewe, nie geleenthede bring.

Laat ons nou Paulus se raad aan die gemeente in Kolosse hoor, Kolosse is ook ‘n klein gemeente wat lyding geken het. Paulus sê hulle moet GEDULDIG VOLHARD – God is getrou!

Tekste: Psalm 25: 1-7 (AFR1983); Openbaring 22: 20-21 (AFR2022); Psalm 27: 1-14 (AFR1983); Jesaja 53: 4-11 (AFR1983); .
Liedere: VONKK 5: 1-2; Gesang 203: 1-3; Gesang 239: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

Amen!

SLOTSANG:

Grote God, aan U die eer! Heerlik is waar U regeer ~ Gesang 190: 1-3.

SEENGROET:

Gesang 268 + Psalm 134: 1-2 + Gesang 268